**VISIE:**

**Bergrivier: 'n vooruitstrewende gemeenskap waar almal wil leef, werk, leer en speel op 'n menswaardige manier.**

**VISION:**

**Bergrivier: a prosperous community where all want to live, work, learn and play in a dignified manner.**

**KERN WAARDES / CORE VALUES**

**We are all part of Bergrivier Municipality.**
**We render good services to ensure dignified living to all.**
**We are unashamedly pro-poor.**
**We believe in close innovative partnerships.**
**We believe in social and economic development of our area.**
**We care about our work and our colleagues.**
**We are disciplined.**
**We believe in ethical behaviour.**
**We believe in good relationships.**
**We serve with pride.**

## NOTULE VAN DIE RAADSVERGADERING GEHOU OP DINSDAG 27 FEBRUARIE 2024 OM 14:00 VANAF PIKETBERG

**TEENWOORDIG:**

**RAADSLEDE**

| | | | |
|---|---|---|---|
| Rdh. R Swarts | [DA] | : | Speaker |
| Rdh. MA Wessels | [DA] | : | Uitvoerende Onderburgemeester |
| Rdh. A de Vries | [DA] | | |
| Rdl. J Daniels | [DA] | | |
| Rdl. A Small (Me.) | [DA] | | |
| Rdh. AJ du Plooy | [DA] | | |
| Rdl. JJ Moolman | [DA] | | |
| Rdl. IS Adams | [ANC] | | |
| Rdd. SS Lesch (Me.) | [ANC] | | |
| Rdl. BU Maarman (Me.) | [ANC] | | |
| Rdh. EB Manuel | [GOOD] | | |
| Rdl. AC Isaacs | [PA] | | |

**AMPTENARE**

| | | |
|---|---|---|
| Mnr. JWA Kotzee | : | Direkteur Korporatiewe Dienste *(waarnemende Munisipale Bestuurder)* |
| Mnr. PW Erasmus | : | Direkteur Finansiële Dienste |
| Mnr. D van Turha | : | Direkteur Tegniese Dienste |
| Mnr. DA Josephus | : | Direkteur Gemeenskapsdienste |
| Mev. A van Sittert | : | Bestuurder: Strategiese Dienste |
| Me. W Nero | : | Assistent: Interne Ouditeur *(waarnemende Interne Ouditeur)* |
| Mev. N Bothma | : | Bestuurder: Uitgawes en VKB |
| Mnr. W Wagener | : | Bestuurder: Beplanning en Omgewingsbestuur |
| Mnr. D Carolissen | : | Bestuurder: Gemeenskapsfasiliteite |
| Mnr. M Sheldon | : | Hoof: Kommunikasie |
| Mev. V Willems | : | Klerk: Komitees |

***

**AKSIE**

**RVN017/02/2024**
**OPENING EN VERWELKOMING**

Die Speaker verwelkom almal by die vergadering, waarna Raadslid Isaacs die vergadering open met gebed.

'n Spesiale woord van verwelkoming word gerig aan 'n voormalige Raadslid by Bergrivier Munisipaliteit, mnr. Danie De Bruin, die lede van die publiek wat die verrigtinge bywoon en diegene wat op die "YouTube" platform ingeskakel is.

***

**RVN018/02/2024**
**AANSOEKE OM VERLOF TOT AFWESIGHEID**
**3/3/1/4**

Uitvoerende Burgemeester - afwesig met verskoning (PCF Tech-vergadering)
Munisipale Bestuurder - afwesig met verskoning (PCF-vergadering)

Die Speaker meld dat die Uitvoerende Burgemeester sal virtueel inskakel indien dit vir hom moontlik is.

***

**RVN019/02/2024**
**VERKLARING VAN BELANGE INGEVOLGE SKEDULES 7 & 2 (GEDRAGSKODE VIR RAADSLEDE EN AMPTENARE)**
**3/3/1/6**

Die Raadslede en amptenare verklaar individueel dat hulle geen persoonlike belange met betrekking tot die items op die agenda het nie.

***

**RVN020/02/2024**
**BEKRAGTIGING VAN DIE NOTULE VAN DIE VORIGE VERGADERING SOOS GEHOU OP DINSDAG 23 JANUARIE 2024**
**3/3/2/2**

Die Speaker lei die item kortliks in.

**BESLUIT**

Dat die notule van die vorige vergadering, soos gehou op Dinsdag 23 Januarie 2024, bekragtig word.

***(VK WILLEMS)***
***KLERK: KOMITEES***

***

**RVN021/02/2024**
**IMPLEMENTERINGSVERSLAG VIR RAADSBESLUITE: TERUGVOERING VANAF MUNISIPALE BESTUURDER EN DIREKSIE RAKENDE DIE RAADSBESLUITE GENEEM TYDENS DIE VORIGE RAADSVERGADERING SOOS GEHOU OP DINSDAG 23 JANUARIE 2024**
**3/3/2/2**

Die Speaker lei die item in.

**BESLUIT**

Dat kennis geneem word van die Implementeringsverslag van die Raadsvergadering, soos gehou op Dinsdag 23 Januarie 2024.

***

**RVN022/02/2024**
**SAKE VOORTSPRUITEND UIT VORIGE NOTULE**
**3/3/2/2**

Geen

***

**RVN023/02/2024**
**VERKLARINGS / MEDEDELINGS DEUR DIE SPEAKER, UITVOERENDE ONDERBURGEMEESTER EN MUNISIPALE BESTUURDER**
**3/3/1/6**

Die Speaker doen die volgende mededelings:

LEED

- Dat die begrafnisdiens van Mnr. Cecil Davids, voormalige werknemer by Bergrivier Munisipaliteit, op Saterdag 24 Februarie 2024 om 10:30 in die Morawiese kerk te Mamre plaasgevind het;
- Dat die Bestuurder Menslike Hulpbrondienste, mnr. A Rheeder 'n operasie ondergaan het en word hy sterkte en beterskap toegewens in hierdie tyd;
- Dat die Hoof: Siviele Dienste Porterville , mnr. R Bothma, se ma 'n beroerte gehad het en word aan sy ma sterkte en beterskap toegewens in hierdie tyd;
- Die Speaker vra voorbidding vir die kinders wat vermis is, met spesifieke verwysing na die dogtertjie van Saldanha wat vermis is;
- Dat onderskeie gemeenskapslede aan die dood afgestaan is in die Bergrivier Munisipale area en wil hy die Raad se meegevoel betuig met die sterftes; en
- Dat onderskeie gemeenskapslede siek is in die Bergrivier Munisipale area en wens hy die Raad se sterkte en beterskap toe aan hulle.

'n Minuut van stilte word gehandhaaf vir die afgestorwenes se families in hierdie moeilike tyd.

LIEF

- Dat Raadsheer De Vries op Sondag 25 Februarie 2024 verjaar het en bedank almal wat hom geluk, seënwense en sterkte toegewens het;
- Dat die Direkteur: Tegniese Dienste op Woensdag 28 Februarie 2024 verjaar en wens die Speaker hom namens die Raad geluk, seënwense en sterkte toe met sy komende verjaarsdag; en
- Dat die Direkteur Korporatiewe Dienste op Saterdag 16 Maart 2024 verjaar en wens die Speaker hom namens die Raad geluk, seënwense en sterkte toe met sy komende verjaarsdag.

Die Speaker versoek dat die Strategiese Dienste afdeling 'n gesprek met hom fasiliteer rakende die dienste beskikbaar by die Jeugsentrum asook die proses wat gevolg moet word wat nuwe aansoekers moet volg ten einde 'n plek by die Jeugsentrum te kan kry.

**KENNIS GENEEM**

***

**RVN024/02/2024**
**ONDERHOUDE MET AFVAARDIGINGS**
**3/3/1/5**

Geen

***

**RVN025/02/2024**
**MOSIES / VRAE**
**3/3/1/1; 3/3/1/2**

Geen

***

**RVN026/02/2024**
**EERSTE DRINGENDE SAAK VANAF DIE MUNISIPALE BESTUURDER: TOESTEMMING VIR DIE VERLENGING VAN HUIDIGE PRESTASIE, RISIKO EN OUDITKOMITEE LID SE TERMYN**
**12/2/2/21**

Die Speaker lei die item kortliks in.

Verskeie insette en kommentaar word gelewer deur die Komiteelede.

**Die onderstaande besluit word eenparig deur die Raad aanvaar**

**BESLUIT**

1. Dat die termyn van Mev. Gillian Bolton vir 'n verdere drie (3) jaar verleng word; en
2. Dat die aanbeveling van die Uitvoerende Burgemeesterskomitee oorweeg en goedgekeur word.

***INTERNE OUDITEUR (Waarnemend)***

***

**RVN027/02/2024**
**BERGRIVIER MUNICIPALITY: BY-LAW RELATING TO THE BERG RIVER ESTUARY USAGE ZONES**
**17/12/9**

Die Portefeulje Voorsitter, Raadslid Moolman, lei die item kortliks in.

Verskeie insette en kommentaar word gelewer deur die Komiteelede.

**The undermentioned resolution were taken unanimously by Council**

**RESOLVED**

1. That the contents of the report be noted;
2. That in terms of section 156(2) of the Constitution read with section 11(3)(m) of the Local Government: Municipal Systems Act 2000 (Act 32 of 2000) the Bergrivier Municipality By-Law Relating to the Berg River Estuary Usage Zones, attached as **Annexure B** be passed;
3. That in terms of section 13(a) of the Local Government: Municipal Systems Act 2000, (Act 32 of 2000) the Bergrivier Municipality: By-Law Relating to the Berg River Estuary Usage Zones, attached as **Annexure B** be published and come into effect on date of publication; and
4. That the delegations related to the Bergrivier Municipality: By-Law Relating to the Berg River Estuary Usage Zones, attached as **Annexure D** be approved.

***MANAGER: TOWN PLANNING AND ENVIRONMENTAL MANAGEMENT***

***

**RVN028/02/2024**
**BERGRIVIER MUNICIPALITY: BY-LAW RELATING TO CONTROL OF UNDERTAKINGS THAT SELL LIQUOR TO THE PUBLIC 2018**
**1/4/2**

Die Portefeulje Voorsitter, Raadslid Moolman, lei die item kortliks in.

Verskeie insette en kommentaar word gelewer deur die Komiteelede.

**The undermentioned resolution were taken unanimously by Council**

**RESOLVED**

1. That the contents of the report be noted;
2. That in terms of section 156(2) of the Constitution read with section 11(3)(m) of the Local Government: Municipal Systems Act, 2000 (Act 32 of 2000) the Bergrivier Municipality: By-Law Relating To Control of Undertakings that Sell Liquor to the public 2018, attached as **Annexure D**, be passed;
3. That in terms of section 13(a) of the Local Government: Municipal Systems Act, 2000 (Act 32 of 2000) the By-Law Relating To Control Of Undertakings that Sell Liquor to the Public, 2018, be published and come into effect on date of publication; and
4. That the delegations applicable to the Bergrivier Municipality: By-law Relating to Control of Undertakings that Sell Liquor to the Public 2018, attached as **Annexure E**, be approved.

***MANAGER: TOWN PLANNING AND ENVIRONMENTAL MANAGEMENT***

***

**RVN029/02/2024**
**RAADSHEERSKAP/ RAADSDAMESKAP**
**3/B**
***(‘n Vervangende verslag word ter tafel gelê)***

Die Speaker lei die item breedvoerig in.

Die Klerk: Komitees beklee die Raadslede met die toga waarna die Speaker die oorkonde voorlees aan die Raad.

Die Speaker verwelkom Raadslid Du Plooy en Raadslid Lesch as `n Raadsheer en Raadsdame van Bergrivier Munisipaliteit, waarna die Speaker hul voorspoed en sterkte toewens.

Ten slotte reël die Speaker dat die fotosessies met die nuutverkose Raadsheer en Raadsdame na afloop van die Raadsvergadering sal plaasvind.

**Die onderstaande besluit word eenparig deur die Raad aanvaar**

**BESLUIT**

1. Dat die titel Raadsheer/Raadsdame met ingang van 27 Februarie 2024 aan Raadslid AJ du Plooy en Raadslid SS Lesch toegeken word; en
2. Dat ‘n oorkonde aan Raadsheer AJ du Plooy en Raadsdame SS Lesch oorhandig word tydens die Raadsvergadering op Dinsdag 27 Februarie 2024.

***BESTUURDER: ADMINISTRASIE EN REGSONDERSTEUNINGS-DIENSTE***

***

**RVN030/02/2024**
**APPROVAL OF BERGRIVIER INFORMAL TRADER STALLS MANAGEMENT POLICY, INCLUDING SUPPORTING APPLICATION FORM AND ADVERTISEMENT**
**14/B**

Die Speaker lei die item kortliks in.

Verskeie insette en kommentaar word gelewer deur die Komiteelede.

**Die onderstaande besluit word eenparig deur die Raad aanvaar**

**BESLUIT**

Dat die item onttrek word vir verdere bespreking / ondersoeke by die Formele Direksievergadering soos geskeduleer vir Maandag 11 Maart 2024.

***BESTUURDER: STRATEGIESE DIENSTE (11/03/2024)***

***

**RVN031/02/2024**
**AMENDMENT OF THE 2023/24 SERVICE DELIVERY BUDGET IMPLEMENTATION PLAN (SDBIP) IN TERMS OF SECTION 54 (1) (C) OF THE MUNICIPAL FINANCE MANAGEMENT ACT (ACT 56 OF 2003)**
**15/1/5/5**

Die Bestuurder: Strategiese Dienste lei die item kortliks in.

Verskeie insette en kommentaar word gelewer deur die Komiteelede.

**The undermentioned resolution was taken unanimously by Council**

**RESOLVED**

That the amended 2023/24 SDBIP be approved in terms of Section 54(1)(c)of the Municipal Finance Management Act, 2003 (Act 56 of 2003) (MFMA).

***MANAGER: STRATEGIC SERVICES***

***

**RVN032/02/2024**
**BOETEVRYE MAAND IN BERGRIVIER MUNISIPALE AREA**
**2/2/4**

Die Uitvoerende Onderburgemeester lei die item kortliks in.

Verskeie insette en kommentaar word gelewer deur die Komiteelede.

**Die onderstaande besluit word eenparig deur die Raad aanvaar**

**BESLUIT**

Dat die Raad die versoek vir twee (2) boetevrye maande, Maart en September 2024 vir alle Biblioteke in Bergrivier Munisipaliteit sal oorweeg en goedkeur.

***DIREKTEUR GEMEENSKAPSDIENSTE***

***

**RVN033/02/2024**
**OORDRAG EN VERHURING VAN OPGEGRADEERDE HUISE TE ST. CHRISTOPHER'S LAAIPLEK, VELDDRIF**
**17/5/1**

Die Uitvoerende Onderburgemeester lei die item kortliks in.

Verskeie insette en kommentaar word gelewer deur die Komiteelede.

**Die onderstaande besluit word eenparig deur die Raad aanvaar**

**BESLUIT**

1. Dat die eiendom te erfnommer 1098, Laaiplek aan Me. Beatrice Liebenberg met Id nr 621202 0244 088 verhuur word;
2. Dat die eiendom te erfnommer 1096, Laaiplek aan Me. Amanda Blaauw met Id Nommer 670716 0154 088 verhuur word;
3. Dat die eiendom te erfnommer 1078, Laaiplek aan Mnr. Lionel Jordaan met Id Nommer 810131 5094 084 verhuur word, totdat die boedel van wyle Me. Maria Jordaan afgehandel is, en dat die eiendom aan voorgenoemde boedel oorgedra is;
4. Dat die huurbedrag vas gestel word op R200 per maand, met 'n jaarlikse eskalasie van 10%;
5. Dat die eiendom te erfnommer 1079, Laaiplek aan Me. Elizabeth Amerika met Id Nommer 660818 0634 085 oorgedra word deur middel van 'n goedgekeurde behuisingsubsidie; en

***DIREKTEUR GEMEENSKAPSDIENSTE***

6. Dat die eiendom te erfnommer 1097, Laaiplek aan Me Malene Johanna Salmoen met Id Nommer 581120 0034 085 oorgedra word deur middel van 'n goedgekeurde behuisingsubsidie.

***

**RVN034/02/2024**
**AFSKRYWING VAN UITSTAANDE DEBITEURE REKENING: ERF 122, AURORA**
**5/1/1**

Die Portefeulje Voorsitter, Raadslid Daniels, lei die item kortliks in.

Verskeie insette en kommentaar word gelewer deur die Komiteelede.

**Die onderstaande besluit word eenparig deur die Raad aanvaar**

**BESLUIT**

1. Dat die volgende rekening afgeskryf word:
   - Rekening 124729 ten bedrae van R 22,810.82;
2. Dat die nuwe dienste rekening in die naam van Bergrivier Munisipaliteit geopen word nadat die kontrak deur beide partye onderteken is;
3. Dat die Eiendomsbelasting steeds vir die rekening van die betrokke Staat department is, aangesien die eienaarskap nie oorgedra word aan die Munisipaliteit nie, maar slegs die gebruik van die eiendom oorgedra word; en
4. Dat voorsiening in die begroting gemaak word vir die betaling van die diensterekening en toekomstige onderhoudskoste, en voorafbetaalde elektrisiteitsaankope.

***DIREKTEUR FINANSIËLE DIENSTE***

***

**RVN035/02/2024**
**BEHUISING KONSEP BESIGHEIDSPLAN**
**17/5/1**

Die Speaker lei die item kortliks in.

Verskeie insette en kommentaar word gelewer deur die Komiteelede.

**Die onderstaande besluit word eenparig deur die Raad aanvaar**

**BESLUIT**

Dat die Raad kennis neem van die Behuising Konsep Besigheidsplan.

***

**RVN036/02/2024**
**BERGRIVIER MUNISIPALE KOÖRDINERINGS VERGADERING NOTULES**
**17/5/2/2**

**Die onderstaande besluit word eenparig deur die Raad aanvaar**

**BESLUIT**

Dat die Raad kennis neem van die Behuising Konsep Besigheidsplan.

***

**RVN037/02/2024**
**NOTULE VAN DIE RISIKOKOMITEE VIR KENNISNAME: VRYDAG 17 NOVEMBER 2023**
**3/3/2/2**

**Die onderstaande besluit word eenparig deur die Raad aanvaar**

**BESLUIT**

Dat die Raad kennis neem van die Risikokomiteevergadering se notule soos gehou op Vrydag 17 November 2023.

***

**RVN038/02/2024**
**NOTULE VAN DIE PRESTASIE, RISIKO EN OUDITKOMITEE VIR KENNISNAME: VRYDAG 08 DESEMBER 2023**
**3/3/2/2**

**Die onderstaande besluit word eenparig deur die Raad aanvaar**

**BESLUIT**

Dat die Raad kennis neem van die Prestasie, Risiko en Ouditkomiteevergadering se notule soos gehou op Vrydag 08 Desember 2023.

***

**RVN039/02/2024**
**BESLUITE VIR KENNISNAME INGEVOLGE GEDELEGEERDE BEVOEGDHEID VAN UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE SE VERGADERINGS**

Geen

***

**RVN040/02/2024**
**BESLUITE VIR KENNISNAME INGEVOLGE GEDELEGEERDE BEVOEGDHEID VAN UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE SE VERGADERINGS**
**3/2/1/3**

Geen

***

**RVN041/02/2024**
**WYKSKOMITEES: KENNISNAME / BESPREKING VAN VERSLAE EN NOTULES**
**3/2/1/3**

Die Speaker meld dat hy 'n gesprek gefasiliteer het met die Wyksraadslede rakende die Wykskomitees ten einde te verseker dat die Wykskomitees optimaal benut word. Hy meld dat Provinsie Wyke 1,4 en 7 moniteer en evalueer.

***

***Die amptenare verlaat die vergadering om 14:37, waarna die volle Raad, waarnemende Munisipale Bestuurder en waarnemende Direkteur Finansiële Dienste die vergadering In-Komitee voortsit.***

***

## *DIE VERGADERING VERDAAG OM 14:41*

*HIERMEE BEVESTIG EK DIE ONDERGETEKENDE DAT HIERDIE NOTULE SOOS BEKRAGTIG 'N WARE WEERGAWE IS VAN DIE VERRIGTINGE*

____________________ ____________________

***VOORSITTER*** ***DATUM***